DIE TRIAGE PROSES – BELANGRIKE INLIGTING

WAT IS TRIAGE?

Triage is die proses in Nood Eenheid waartydens pasiënte gegroepeer word op grond van sekere meetbare tekens en belangrike feite uit hulle mediese geskiedenis. Triage suster sal u kortliks ondersoek, lesings (soos bloeddruk, pols, ens.) neem en paar vrae vra. Op grond van u simptome en lesings word u dan in een van VIER groepe in gedeel. Dit is die Triage proses. Die vier groepe is Rooi, Oranje, Geel en Groen en word hieronder verder bespreek.

WAAROM WORD EK GESORTEER?

In die verlede het pasiënte wat baie siek was nog sieker geword terwyl hulle by die noodgevalle in die ry moes wag om doktor te sien, en niemand het dit agter gekom nie omdat hulle vir hulle beurt moes wag. Daar het selfs mense dood gegaan terwyl hulle gewag het. Triage keer dat dit gebeur deurdat almal wat by die eenheid opdaag vinnig deur die suster ondersoek en gegroepeer word. Soos dit hoort word die siekste pasiënte eerste gesien.

HOEKOM WORD MENSE WAT NA MY HIER AANGEKOM HET VOOR MY GESIEN?

Wanneer pasiënte wat by die Nood Eenheid aankom deur die Triage proses geïdentifiseer word as sieker, gaan minder siek pasiënte bietjie langer moet wag om gesien te word. Onthou dat u simptome en lesings (bloeddruk, pols, ens.) u Triage groep bepaal. Ander pasiënte mag dus voor u gesien word omdat hulle heelwat sieker is.

WAT BETEKEN MY “TRIAGE” KLEUR?

Rooi pasiënte moet onmiddellik gesien word anders kan hulle dood gaan. Oranje pasiënte is ook baie siek maar kan bietjie langer wag. Geel pasiënte is siek maar kan nog 2-4 ure wag sonder om iets oor te kom. Groen pasiënte het minder ernstige probleme en kan soms beter behandel word by kliniek of deur huisdokter (GP).

WANEER SAL ‘N DOKTER MY SIEN?

U sal so gou as moontlik deur doktor gesien word. As u wag beteken dit dat die personeel besig is met sieker pasiënte. Ons vra dat u asseblief sal verstaan en geduldig sal wag. Alle pasiënte het nie altyd nodig om doktor te sien nie. In sommige Nood Eenhede probeer ons om pasiënte wat in die Groen groep is vinniger te help. Dit beteken dat u by die Triage area deur doktor gesien kan word, wat u vir eenvoudige toetse soos X-strale sal stuur. Op ander plekke kan u deur suster gesien word.

AS U ONTEVREDE HIEROOR VOEL

Praat met een van die personeellede as u voel dat u verkeerd getriage is of ongelukkig is oor hoe lank u moet wag. Onthou egter dat Triage wetenskaplike en beproefde proses is en dat u waarskynlik in die korrekte kleur groep is. Onthou ook dat dit langer gaan vat vir die personeel om pasiënte te sien as hulle met pasiënte in die wagkamer moet gesels. Indien u steeds ontevrede voel kan u aan die Eenheidsbestuurder of Superintendent skryf oor u klagte. Vra personeel vir besonderhede.

THE SOUTH AFRICAN TRIAGE GROUP, 2009